STELLENBOSSIANA

NUUSBRIEF MAART 2021 JG. 35 NR. 1 ● NEWSLETTER MARCH 2021 VOL. 35 NO. 1

WATERSWAARD: DIE MALEISE KRIS

Wanneer dit kom by artefakte en fisiese erfenis, kom ek baie selde af op dié van die Kaap-Maleiers. Dit was dus vir my ‘n verrassing toe ek op hierdie Maleise dolk in ons versameling afgekom het. Dié besonderse voorwerp is ‘n kris, waarskynlik in die 19de eeu geskep, hoewel sulke lemme hul oorsprong tussen die jare 800 en 1300 AJ in Java, Indonesië verkry het. Nie elke kris het ‘n golwende lem soos hierdie een nie, maar die elegante, oneweredige aantal kurwes is ‘n bekende kenmerk van talle sulke dolke.

Meer as net ‘n wapen, is die kris van geestelike belang en word dit tradisioneel beskou as sielshebbend — soms goed, soms kwaad, altyd gerespekteer. In die Japanese tradisie is ‘n kris volmaak met al vyf elemente van die natuur: water, wind, vuur, aarde, en die “ek” of gees, nes elke lem deur gebruik van dié elemente geslyp word: wind om die vuur warm te blaas, metaal en brandstof uit die grond, en water om die lem te blus, alles natuurlik deur die smid se wil. ‘n Kris se doeleindes is ook veelvuldig: wapen, talisman, persoonlike ornament, uitstalstuk, erfstuk, simbool van sosiale status en in tradisionele gevegkunste en danse.

Hierdie satynhout-en-yster kris in die Stellenbosch Museum se versameling is geskenk deur me. Marsh geb. Le Feure, en was na Suid-Afrika gebring deur haar oom na sy koloniale diens in Maleisië. Soos hierbo genoem is dit nie ‘n stuk wat ek hier in Stellenbosch verwag het nie, en ons is bevoorreg om so iets hier te hê.

Dit is my wens dat dit eendag met trots uitgestal sal word as ‘n egte erfstuk van die Kaap-Meleise bevolking.

Johann F. Potgieter

STELLENBOSCH MUSEUM GESKIEDENIS

Die Covid-19-situasie en die effek wat dit het en gehad het op die lewe van alle Suid-Afrikaners is en gaan nog vir jare en dekades ‘n besprekingspunt bly.

Die toerismebedryf is veral ernstig daardeur geraak, maar een aspek wat nog nie baie blootstelling gekry het nie, is juis die sluiting van museums.
Kultuurhistoriese museums se begrotings word deurentyd kleiner soos die staat al hoe minder bydra, en toe die inperking alle hekontvangste afgesny het, het ‘n krisis ontstaan.

So ook die Stellenbosch Dorpmuseum, wat nie net die geskiedenis van Stellenbosch op ‘n treffende wyse uitbeeld nie, maar wat veral ‘n groot bydrae lewer om ‘n spesifieke beeld aan die dorp te gee deur die bewaring van ou historiese geboue.

In 1962 het ‘n paar Stellenbossers byeengekom en besluit om ‘n museum te stig om dan aan die nageslag die erfenis van Stellenbosch ten toon te stel.
Die Dorpmuseum van Stellenbosch se eerste kantoor was in Grosvenor House, ‘n gebou wat later jare deur die Stellenbosch-munisipaliteit aan die museum verkoop is vir R2.00!
Die gebou is gerestoureer om die periode c1800—c1830 uit te beeld toe Willem Herold en sy familie daar gebly het, dus die vroeë Engelse periode aan die Kaap. Grosvenor House is 23 Maart 1986, op die 24ste verjaardag van die Stellenbosch Museum, heropen en beskikbaar gestel aan die publiek.

Mnr. Marius le Roux, kurator en bestuurder van die Stellenbosch Dorpmuseum, het die visie gehad om ‘n instapmuseum in die hartjie van Stellenbosch te skep, ‘n museum wat ‘n straatblok vul met verskillende geboue wat verskillende periodes in die geskiedenis uitbeeld.
Dit het daartoe gelei dat die Museum ontwikkel is tot vier periode-huise wat verskillende tydperke in die geskiedenis van Stellenbosch voorstel. Hierdie vier huise is naamlik Schreuderhuis van 1709, Blettermanhuis van 1789, Grosvenor House van 1803 en O.M. Berghhuis van 1850.

In 1972 het die trusteeraad van die museum, met die geldelike hulp van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie, Schreuderhuis van mnr. Andries Lubbe, ‘n skoenmaker, se kinders gekoop met die doel om dit te restoureer en as pionierswoning te meubileer. Die huis is vandag die enigste oorblywende huis in Stellenbosch waarin mense gebly het tydens die leeftyd van Simon van der Stel, die stigter van Stellenbosch.
Tussen 1973 en 1975 het dit baie speurwerk van die bewaringsargitek, Gawie Fagan, geverg om vas te stel hoe die huis oorspronklik moes gelyk het. Argeoloog Hennie Vos was ook hierby betrokke. In 1979, tydens die Drie-eeuefees van Stellenbosch, is die woning tot ‘n nasionale gedenkwaardigheid verklaar.

Gedurende dieselfde feesjaar is Blettermanhuis, wat vir byna ‘n eeu lank as Stellenbosch se polisiekantoor gedien het, aan die museum verkoop. Met restourasie, met George Osler as argitek, is dit teruggebring na die styl van ‘n Kaaps-Hollandse huis van die periode 1750-1786.

Die vierde van die reeks periode-huise, O.M. Berghhuis, wat die vroeë 1800s verteenwoordig, dus die Victoriaanse periode, behoort aan Historiese Huise van SA en word beskikbaar gestel aan die Museum om hierdie tydperk te verteenwoordig.

Die gebou wat tans die ingang van die Museum huisves, is in 1940 deur mnr. Andries Lubbe opgerig as sy eerste skoenfabriek, en op 23 Maart 1983 as amptelike hoofingang tot die Dorpmuseum geopen.

Die Stellenbosch Dorpmuseum is bevoorreg om soveel eiendom te besit wat positief aangewend kan word vir die publiek en die nageslag. Hierdie merkwaardige aanbieding kos egter geld, en daar kan nie op toegangsgeld alleen staatgemaak word om die historiese geboue in 'n goeie toestand te hou nie.
Daarom is daar in 1993, onder leiding van Marius le Roux, die Stellenbosch Erfenis Trust gestig, en al die museum se geboue is oorgedra na die Trust, wat die opdrag het om die geboue te bestuur, en om sekere geboue te verhuur om 'n inkomste daaruit te bewerkstellig.
Twee restaurante, twee gastehuise en twee geboue wat as kantoorruimte verhuur word, dra by tot die goeie toestand waarin al die museumgeboue verkeer.

Die pragtige Erfurthuis wat mnr. Jan Beyers gedurende die 1880s in Ryneveldstraat gebou het en wat tans as hoofkantoor van die Museum bestuur word, het deur die jare ook as koshuis vir die Bloemhof Hoër Meisieskool gedien. As gewaardeerde huurder word die US Woordfees ook uit hierdie gebou bestuur.

Die Museum het reeds bekendheid verwerf met sy betrokkenheid by ander bewaringsaksies. Daarom, al behoort dit nie aan die Museum nie, bestuur die Museum die Kruithuis op die Braak as tentoonstelling van ou ammunisie, die Rynse pastorie as 'n speelgoedmuseum, en in die historiese huis Voorgelegen in Dorpstraat word daar aan 'n uitstalling oor die ontstaan van Stellenbosch se "Dorpies" gewerk en navorsing vind nog deurlopend plaas.

PIETMAN RETIEF

STAFF NEWS

After a service period of 11 years, Sandra Adriaanse gave notice to the Board of Trustee that she was no longer able to perform her functions due to medical reasons. Sandra has been working as a cleaner at the museum since September 2009. The Board of Trustees decided to conclude a Mutual Separation Contract with her, suspending her employment contract with the Board of Trustee at the end of February 2021.

We wish Sandra all the best and trust that the calmer atmosphere at home will contribute to a better state of health.

EXPANDED PUBLIC WORKS (EPWP) PROJECTS AT THE MUSEUM

The Stellenbosch Museum started with the EPWP project in 2012. Museum Service has established that all museums have a need to make a complete listing of museums' cultural and historical collections. The project was then rolled out at museums and is known as Audit and Digitization of museum Collections. The project involves taking a complete inventory of all artefacts whether on display or in storage. Thereafter, it must be ensured that each object is correctly and fully documented and that a photograph of each object has been taken. The ultimate goal of the project is that the museums can give an account of every object in the collection and that an electronic database of the collection is available.

EPWP Audit and Digitisation of museum collection EPWP beneficiaries working in one of the storerooms at Lubbe-building

The EPWP project was very successful and the Department of Cultural Affairs & Sport realized that it could be beneficial for museums to identify further projects. Not only were museums able to provide employment to matriculated young people, but the museums, which at that time were all suffering under financial pressure and staff shortages, could give the museums the opportunity to acquire manpower. Two further projects, namely Cultural Heritage & Tourism as well as Maintenance of Museum Infrastructure have been identified. As a result, the museum was able to appoint newly-graduated tourism students as museum guides in the museum buildings. A second benefit is that EPWP staff bring new ideas to the museum regarding outreach programmes and technology.

EPWP Heritage & Tourism Beneficiary presenting the National Symbols educational programme to learners.

The Maintenance of Museum Infrastructure allows EPWP beneficiaries to be appointed to assist the museums with daily housekeeping tasks, maintenance of grounds and buildings, conservation of museum objects and assist with permanent exhibitions.

The EPWP projects have grown over the years and today museums have a fourth project called Governance. Under the Governance project, museums may appoint graduates to assist the museum with research and research inquiries.

The Stellenbosch Museum presents all four EPWP projects at the museum and offers job opportunities to matriculated or graduated young people between the ages of 18 and 37 as well as to women.

Grosvenor House Garden

VENUE FACILITIES AT THE MUSEUM

Conference Facility at Erfurthuis

Conference Facility at Voorgelegen

FUNDRAISING INITIATIVE

The Covid-19 pandemic and the consequent restrictions have had a direct negative impact on the visitor statistics and income of the museum. In order to supplement the funds of the museum, the Board of Trustees decided to lease the museum's premises on an ad hoc basis.

Conference facilities are available at Erfurthuis and Voorgelegen for a maximum of 20 people. All Covid-19 measures are in place. The conference facility is available at R500 per day.

Grosvenor House garden can be leased for: Photoshoots, Cocktail events and Wedding receptions (no loud music allowed).

The Toy Museum courtyard may be leased for Photoshoots, Cocktail events, Birthday Parties, Wedding receptions or any other type of celebration event.

A maximum of 50 people is allowed on the premises per event.

Please contact Lamees Petersen at 021 887 2937 to book a venue.